Groeigroepe – Riglyne: Week van Sondag 3 Junie 2018

Omarm jou ballingskap en leef voluit met hoop!



1. WELKOM _____ 15 min

1) Deel julle lief en leed met mekaar.
2) Nooi die groep om 'n paar oomblikke stil te raak en bewus te word van die Here se teenwoordigheid. Doen 'n kort gebed en wy die aand aan die Here.

3) Lees eers die teks volledig Jeremia 29: 4-14 en gesels oor die teks:
- Hoe ervaar julle teks?
- Wat staan vir julle uit?
- Wat beteken die teks so teks in ons eie lewens?

2. LOF EN AANBIDDING_____ 10 min

Jeremia 29 vers 11 sê: **"Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee"**. God is in beheer. Hy is met sy mense op pad. Hy weet waarheen! Dit gee ons hoop. God gee vir ons 'n toekoms. Daarop bou ons, ons hoop.

- Gee oomlik van stilte, laat mense troos vind in hierdie belofte van God.

3. WOORD _____ 35min

Lees weer Jeremia 29:4-14 en fokus nou op die volgende temas/elemente:

- Lééf (4-6)
- Bid (7)
- Luister (8-9)

Groeigroepe – Riglyne: Week van Sondag 3 Junie 2018

- Hoop (10-11)
- Soek (12-14)

Die ballinge was gevra om hierdie 5 opdragte toe te pas in hulle lewens, wat se die teks vir ons, want ons is ook ballinge op n manier:

- Ek/ons is 'n balling (stukkend agv werk, finansies, gebroke verhoudings, siektes: kanker of HIV wat my lewe steel);
- Ons is 'n gemeenskap in ballingskap (onsekerheid, onveiligheid, vreemdelinge in ons eie stad, behoort ons hier of nie);
- Ons is 'n kerk in ballingskap (wat is nou eintlik ons rol in 'n kerkonvriendelike wêreld..)

Ons word gevra om hierdie 5 opdragtes toe te pas in ons lewens.

- Hoe lyk dit as ons doen?
- Hoe sal ons land, huwelike, kerke lyk as ons doen?
- Leef ons?Bid ons? Luister ons?Hoop ons?Soek ons na God?

4. WERKE_____ 10 min

1) Dink prakties oor hoe ons die 5 opdragte prakties sigbaar kan maak in ons lewens en leefstyl.
2) Bid vir elkeen van die 5 opdragte.

5. AFSLUITING _____ 5 min

1) Bid dat die Here ons deur sy Gees sal lei en bemagtig om sy getuies te kan wees.
2) Bid vir ons gemeenskap, ons land en ons kerk.
3) Bid vir jou eie ballingskap situasie wat iets van jou steel.